

JOSUA 24: “Ek sal die Here dien, ek en my gesin” - wat beteken dit werklik om “die Here te dien”?

Votum

Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees. Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daarvoor bly wees. Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.

Ps 34:2-4

Seëngroet

Lofsang: Psalm 100:1,2,3 Juig almal tot Gods lof en eer

Gebed

Skriflesing: *Josua 24:1-2a, 14-18*

Prediking:

Henry Jackson moes die gevreesde woorde op 24 April 2012 hoor: "Jou plaas word gevat!" In 'n roerende brief aan Beeld vertel hy wat gebeur het (gepubliseer op 30 April 2012):

"Dinsdag 24 April, terwyl ek besig was om kuilvoer te sny, het vier spoggerige voertuie my plaaswerf ingejaag en omtrent 20 mans het uitgespring, donker van woede en

siedende haat.

"Ek het oorgestap en vriendelik gegroet, maar net mompelende antwoorde gekry.

"Die leier, die grondkommissaris, het begin: 'Jy weet dat die regering alle plaasgrond verkry het en dat jy onwettig op die plaas bly.'

"'O,' het ek geantwoord.

" 'Wel,' het hy voortgegaan. 'Ons het 'n nuwe eienaar wat ons wil bring en aan jou wil voorstel.'

"Hy het gevra of daar plek is waar ons kon sit en praat, en toe ons (bene uitgestrek) ons sit gekry het op ons stoep se stoele, het die intimidasie begin.

" 'Ons verwag dat jy saamwerk met die nuwe eienaar. Ons wil hê die oorgang moet vlot verloop.'

"'n Besonder groot individu het bygevoeg, met diep haat wat uit sy gesig straal: 'As jy nie saamwerk nie, sal ons ons kêrels stuur en jy sal sonder enigiets weggejaag word – nie eens jou klere nie. Jy sal niks saamvat nie.'

"Nog 'n man het gevra: 'Weet jy wie ek is?'

"Ek het gesê ek weet nie.

"Hy het gesê: 'Ek is mnr. *** (ek kan nie sy naam onthou nie) en ek kan mense binne twee uur van hul plase afkry!'

Hy het twee vingers in die lug gehou en kragdadig herhaal: 'Twee uur!'

Ek vrees slegs vir God

Jackson vertel verder:

"Ek was taamlik stil tot op dié punt, maar het toe sag

geantwoord: ‘Mnr. ***, ek wil vir jou iets sê wat ek wil hê jy moet hoor.’

" 'Wat is dit?' het hy nors gevra.

"Terwyl ek my vinger na hom wys, het ek sag gesê: ‘Ek vrees jou nie. Ek vrees slegs vir God. Ek en jy sal albei eendag sterf en in ons eie skoene sal ons voor God staan en verantwoording doen vir wat ons in dié lewe gedoen het, jy vir jou daad en ek vir my reaksie daarop.’

"Dit het gelyk of dit hom taamlik van stryk gebring het.

"Met nog baie dreigemente is hulle daar weg, so vinnig as hulle gekom het, en met die belofte om die middag terug te wees om die nuwe eienaar aan my voor te stel.

"Toe hulle terugkom, was daar minder van hulle en net twee motors, en ek het tyd gehad om tot verhaal te kom.

"Die man, sy naam is Philemon, wou weet hoeveel tyd ek nodig het en ek het gesê: ‘Ses maande sou ideaal wees sodat ek deur die winter kan kom.’

"Hy het gesê dis te veel en ek het gevra hoeveel tyd hy my sou gee. Hy het gesê: ‘Drie maande.’

"Ek het besef dit was baie welwillend vergeleke met wat ander boere gekry het en dit aanvaar.

"Binne ’n paar uur was die saak beklink en ek het my plaas, my lieflike huis en blyplek verloor, met nêrens om te gaan nie.

"Maar die Here het my voorberei op dié dag. Oor die afgelope twee jaar het die Here baie met my gepraat oor my eie hart se houding en daar het baie reiniging plaasgevind.

Die toets is om te reageer soos die Here

Henry Jackson vertel verder:

"Veral die afgelope drie maande het hy dikwels die gedagtes in my hart geplaas dat ek my plaas gaan verloor. Ek het geweet daar kom 'n toets in my lewe en dat Hy van my, sy kind, verwag om te reageer soos hy sou.

"Toe die voertuie Dinsdag ingejaag kom, het ek dadelik geweet die tyd het aangebreek. Julle sien, daar is niks wat in dié lewe gebeur wat vir ons hemelse Vader 'n verrassing is nie.

"As ons sy kinders is, is ons lewens veilig in sy hande. As ons na sy stem luister en doen wat Hy sê, is daar geen rede om bang te wees vir wat mense aan ons kan doen nie, of om die toekoms te vrees nie.

"En wat sê Hy moet ons doen as dié soort ding met ons gebeur? Is ons gewillig om sy woorde op ons lewens toe te pas?

"Matteus 5:44 sê: 'Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel ...'

"Is Jesus se opdrag vir ons bedoel of nie? Waarom sien ek so baie Christene met sulke diep rassehaat en bitterheid wat in hulle kook?

"Moet ons nie kinders van ons Hemelse Vader wees wat sy karakter uitstraal nie? Watter getuigenis leef ons uit as ons met siedende woede reageer? Hoe is ons dan beter as die

wêreld?

"Toe ek Philemon die volgende dag sien, was hy nog net so senuweeagtig en hy het op die punt van sy stoel gesit.

"Ek het vir hom gesê: 'Philemon, al het ek nêrens om heen te gaan nie en al het jy op een dag my lewendroom van my weggeneem, sal ek nie bitter of kwaad vir jou wees nie.

" 'Ek wil jou seën as jy die plaas oorneem. Ek wil jou help sover ek kan. Ek wil hê jy moet dié plaas soveel geniet as wat ek dit geniet het.'

"Hy het positief gereageer en meer verbasende toegewings gemaak.

" 'Jy kan alles wat jy wil van die plaas afneem en as jy bereid is om enigiets te los, sal ek jou daarvoor betaal,' het hy gesê.

"Ons het blad geskud en is as vriende uitmekaar.

Om te doen wat reg is voor God

"Die Bybel sê: '’n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.' (Jakobus 1:20).

"Ons moet die groter prentjie raaksien en nie so styf vashou aan die paar aardse besittings wat ons het nie. Ons Hemelse Vader is goed in staat om in al ons behoeftes te voorsien, en as ons ons aardse besittings in oop hande hou, kan hy daarvan neem of daarby voeg wat Hy wil.

"Nie eens ’n mossie val sonder dat Hy dit weet nie. Kan Hy nie voorsien in ’n huis en plek om my koeie te melk nie? Natuurlik kan hy!

"Waarom sal ek dan toelaat dat my hart gevul word met

haat vir 'n man vir wie Jesus gesterf het? Ek wil liever sien dat dié man en sy gewelddadige vriende in die Koninkryk ingebring word.

"Jy sal nooit die oorlog van rassehaat met haat wen nie. Dit kan slegs gewen word met liefde en vergifnis. Die sterkste krag ter wêreld is nederige liefde. Het Hy nie gesê: 'Die sagmoediges sal die aarde beërwe' nie?

"Moenie die enorme krag van eenvoudige nederigheid onderskat nie – waar ons sê: 'Nie my wil nie, maar u wil geskied.'

"Natuurlik is dit wat hulle doen onwettig. Ek kan die saak wen as ek hof toe gaan. Maar teen watter prys? Met meer haat, met intimidasie en geweld teen my werkers, en verskrikking vir my liewe vrou? Nee, 'n plaas is dit nie werd nie.

"Ek sal nie 'n stuk grond probeer behou en my kosbare vrou in gevaar stel en aan verskrikking blootstel nie. Sy is baie meer werd as 'n plaas.

"Soos sake nou staan, het ek nêrens om heen te gaan nie. Jesus se dissipels het Hom gevra waar Hy tuisgaan. Hy het geantwoord: 'Die jakkalse het gate en die voëls het neste, maar die Seun van die Mens het nêrens om sy kop neer te lê nie.' Ek voel ek is in goeie geselskap!

"Maar ek het 'n absolute en bonatuurlike vrede en vertroue dat my Hemelse Vader iets baie beters vir my het as wat ek gehad het. Hy maak een deur toe net om 'n baie groter deur oop te maak.

"So, vir julle wat gehoor het dat my plaas gegryp is. Moet asseblief nie om my onthalwe die vuur van rassehaat en bitterheid aanblaas nie.

"Plaas liewer jul vertrouwe volledig op ons liewe Hemelse Vader en wag om te sien hoe wonderlik hy dié situasie tot sy eer gaan omkeer. "

"Kies vandag wie julle wil dien"

Ons teks uit Josua 24 kom uit die laaste hoofstuk van die boek Josua. Josua het aan die einde van sy lewe gekom, en roep die volk by Sigem bymekaar om hulle tot 'n hernude verbintenis met die Here op te roep. Die byeenkoms vind "in die teenwoordigheid van God" plaas (1).

[Nota: Die teks moet na regte in geheel gelees word. Die manier waarop die *Revised Common Lectionary* die teks opkap, ontnem die gedeelte sy boodskap.]

Josua begin deur die geskiedenis van Israel te vertel. Hy vertel hoe die Here Tera en Abraham uit die afgodediens geroep en na Hom gelei het. Die volk word herinner aan die Here se beloftes, en hoe Hy dit waar gemaak het deur hulle uit Egipte te lei en na die beloofde land te bring. God het hulle in die woestyn beskerm en die beloofde land vir hulle oopgemaak: "Ek het julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie, stede wat julle nie gebou het nie, maar waar julle kon gaan woon; julle eet van wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie." (13) Nadat Josua die volk herinner het aan God se troue redding en bewaring van die volk oor eeue heen, kom die oproep:

- Betoon eerbied aan die Here

• Dien Hom met opregtheid en trou

• Sien af van die gode wat julle voorvaders in Egipte gedien het, en dien die Here.

Hierdie oproep veronderstel dat die volk die geleentheid het om 'n keuse uit te oefen. Hulle kan die afgode van die Egiptenaars (waar die volk vandaan kom), of die afgode van die Ammoriëte (in die beloofde land waar hulle tans woon), of die ware God dien (15). Vir Josua en sy familie is die keuse duidelik: "Ons sal die Here dien" (15).

Geen goedkoop keuse nie

Die volk antwoord Josua asof botter nie in hulle monde kan smelt nie: "Ons dink glad nie daaraan om die Here te verlaat en ander gode te dien nie." (16) Vroom bevestig hulle al die geloofswaarhede oor die Here (17-18), en sluit af: "Ook ons sal die Here dien, Hy is ons God."

Josua beklemtoon die erns van die keuse deur Israel daarop te wys dat hulle nie die Here kan dien nie. Hulle is immers steeds besig om vreemde gode te dien. Hulle dien die Here op 'n goedkoop manier, want daar is steeds talle vreemde gode waarin hulle ook trou betoon. Dit sal rampe oor hulle bring en hulle einde beteken. (19-20)

Die betekenis is duidelik: mens kan nie die Here dien, en ook ander lojaliteit hê nie. Die Here se teenwoordigheid in jou lewe, en jou keuse aan die Here, beteken dat jy nêr leef vanuit die werklikheid van God. Geen ander gode nie.

Watter gode?

Johannes Calvyn sê dat mens letterlik van enigiets 'n afgod maak. Ons harte is fabriek van afgode. Selfs ons beste bedoelings, ons harde werk vir God se dinge, kan ons afgod word. Mens verloor die Here bitter maklik en raak met ander werklikhede besig.

As moderne Westerlinge moet ons nie dink afgode is net klippe, stompe en beelde wat by die sg. primitiewe volke voorkom nie. Lesslie Newbigin het, nadat hy 40 jaar as sendeling in Indië gewerk en daarna - na sy affrede - 'n loopbaan in Brittanje gevolg het, gesê: "Die Westerse kultuur is die mees weerstandige kultuur teen die evangelie." Op 'n baie gesofistikeerde manier het ons almal eintlik afgode waaraan ons die diepste sekerheid van ons lewens vasbind. Ons afgode is so gesofistikeerd dat ons hulle dikwels nie herken nie. Richard Foster identifiseer die drie vernaamste afgode van die Westerse kultuur as "money, sex and power." Hy het 'n insiggewende boek hieroor geskryf. As mens kyk na die verheerliking van die menslike liggaam, die grypsug en die magsug van die Westerse kultuur, is dit duidelik dat Foster 'n punt beet het.

Vir baie mense is hul grond 'n afgod. Dalk geld dit in 'n meerdere of mindere mate van alle mense wat eiendom besit. Jou grond en jou huis, jou eiendom. Jy bind jou diepste sekuriteit aan jou liggaamlike welstand, jou voorkoms, jou vermoëns en jou eiendom vas. Opsigself is hierdie dinge nie sleg nie, maar wanneer dit die rigsnoer van jou lewe word, is jy op die glybaan na afgodediens.

Daarom is Henry Jackson se reaksie op die onteiening van sy plaas so merkwaardig. Soos Josua van ouds, kies hy om op die Here as die enigste werklikheid in sy lewe te reageer. Hy kies teen sy grond, hy staan dit vrywillig af. Daarmee sê hy dat sy grond nie mag oor hom het nie. Hy kies om uit die Here se hand alleen te lewe.

"Wat ons besonders maak het"

Eerwaarde Frank Chikane (AGS-pastoor, voorheen sekretaris van die SA Raad van Kerke, en voormalige sekretaris van die kabinet) vertel op die onlangse *ThinkFest* by die Nasionale Kunstefees 2012 te Grahamstad, wat die 1994-oorgang in Suid-Afrika vir hom so merkwaardig maak het. Volgens Chikane het 'n kritieke meerderheid Christene in die aanloop tot 1994 gekies om vanuit die teenwoordigheid van die Here in hulle lewe te reageer. In plaas daarvan om 'n burgeroorlog te ontken, die volle geweld van die staat op medeburgers los te laat, ou griewe met bloed te vergeld, het mense gekies om vanuit die werklikheid van die Here vreedsaam saam te begin bou aan 'n gemeenskaplike toekoms.

Volgens Chikane was dit die rede waarom die wêreld nie uitgepraat kon raak oor Suid-Afrika nie. Ons was besonders. Hy is diep bekommerd omdat hierdie besondere reaksies vanuit God se teenwoordigheid plek maak het vir grypsug. Die implikasie is duidelik. Ons raak nou net sulke afgodediensars (mag en geld) soos die res van die wêreld.

Verskillende reaksies

Sommige mense het Henry Jackson as 'n regte papbroek

uitgekryt nadat hy sy plaas met seën afgestaan het. Hierop het Jackson vertel hoe bang hy was en hoeveel moed dit gekos het om te doen wat hy ervaar die Here druk op sy hart. Hy het ook gaan bid vir die gesondheid van die landkommissaris wat hom opdrag gegee het om sy grond te verlaat- dié het 'n ligte beroerte gehad (<http://goo.gl/jp0Ha>).

Die feit dat Westerlinge *power* verafgod, wys daarin dat ons glo geweld red. As mense ons geboue platvlieg, skiet ons hulle hele land plat. As mense ons plase wil afvat, het ons net een reaksie: gebruik geweld, wees dapper, veg terug. Hierdie afgodsdien staan as die geloof in *redemptive violence* bekend. As iemand dit bevraagteken, kan ons nie eers die moontlikheid van 'n ander, nie-gewelddadige reaksie bedink nie.

"Dan dien ek liever nie die Here nie"

Ander mense het gesê as Jackson se optrede is hoe mens die Here dien, kan en wil hulle nie die Here dien nie. Dan draai hulle doelbewus weg van die Here af

Soos Israel wil hulle 'n Here dien waar jy met 'n stukkie van jou lewe doen wat die Here vra. Intussen troetel jy nog ander gode aan jou bors.

Natuurlik moet mens Jackson se reaksie nie absoluut maak nie. Dit beteken nie alle mense moet onder alle omstandighede bloot toelaat dat hulle eiendom afgevat word nie. Dis nie die punt nie. Die vraag is of mens met geloofsonderskeiding wag op die Here se leiding en dit navolg. Vir Abraham het dit gewilligheid beteken om Isak te gaan offer. Die wenende vrou het 'n duur buis salf op Jesus "gemors" en Hom so vir sy dood

gesalf Henry Jackson het sy plaas laat gaan. Deur die eeue het talle gelowiges met blymoedigheid hulle lewe vir die Here gegee.

Dit is nooit goedkoop en eenvoudig om te kies om die Here alleen te dien nie.

Uitkoms

Op 8 Julie 2012 berig Beeld dat die Zimbabwiese regering Jackson amptelik in kennis gestel het dat die grondonteiening teruggetrek word. Jackson kan sy grond behou en met die seën van die regering verder boer.

Self sê hy hy weet nie hoekom sommige mense bid en kry wat hulle vra, terwyl nog ander weer alles verloor nie. Al wat hy weet is dat mens moet bly bid en vanuit die Here se teenwoordigheid bly leef

Dit staan so geskryf

Só staan dit ook in Josua 24 geskryf Josua vertel hoedat die Here Israel in die geskiedenis getrou gelei en beskerm het. God se trou is iets waarop ons kan staatmaak. Dit maak sin om op die Here se teenwoordigheid dit bly reageer, al dien soveel mense rondom jou afgode.

In Josua 24 loop dit uit op 'n verbondsluiting (25). 'n Verbond is 'n gewigtige ooreenkoms. In die Bybel spruit die verbond altyd uit God se aksie. Dit is God wat kom en ons identiteit as verlose en begenadigde mense bevestig.

Kom ons lê ook die moed aan die dag om die Here alleen te dien. Watter konkrete dinge moet ons hierdie week doen ómdat ons die Here alleen dien?

Wet

Josua 24:

14. “Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode ... en dien die Here. 15 ... kies dan vandag wie julle wil dien...”

Kom ons lê ook die moed aan die dag om die Here alleen te dien. Watter konkrete dinge moet ons hierdie week doen ómdat ons die Here alleen dien?

Stil gebed

Verootmoediging

Lied 271 *Heil'ge Jesus, wat my lewe*

Voorbidding

Kry iemand om te vertel van ‘n Barmhartighedsbediening waarby jul gemeente betrokke is. Gee ook ‘n oorsig van ander bedieninge of van die nood in jul gemeenskap. Bid spesifiek vir daardie nood en vir mense en instansies wat daarby betrokke is.

Dankoffer

Slotsang: Lied 524:1,2,3 God roep ons om met woord en daad

Seën

Respons

Lied 533 *Stuur ons, Here*
